

Vrydag 22 September

Skrifgedeelte: Openbaring 6:9-17 (AFR83/2020)

Fokusgedeelte: Openbaring 6:17b

Wie sal staande bly?

Die verhaal begin met God wat op die troon sit met 'n boekrol in sy hand en 24 ouderlinge rondom Hom, elkeen op 'n troon. Daar was ook nog vier lewende wesens op en by die troon. In sy regterhand het God 'n boekrol wat met sewe seëls verseël is. Tussen die ouderlinge en die lewende wesens was daar 'n Lam asof geslag, 'n duidelike heenwysing na Jesus Christus (Jes. 53:7). Almal vra wie is waardig om die boekrol met die seëls oop te maak, en daar is net een antwoord: die Lam!

Die eerste vier seëls was perde: wit, vuurrooi, swart en vaal, elk met 'n besondere betekenis. Dan volg die vyfde en sesde seël, waarop ons gaan konsentreer. Die vyfde handel oor martelare en die sesde oor die eindoordeel.

Die vyfde seël vertel van siele aan die voet van die altaar. Dit dui op martelare wat tydens hulle lewe op aarde gesterf het terwyl hulle die evangelie verkondig het. Hulle roep tot God om hulle moordenaars te oordeel, maar die antwoord is dat hulle moet wag tot die getal van martelare vol is. Het Christus dan nie gesê: "As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg?" (Joh. 15:20). En Paulus: "Almal wat godvresend in Christus Jesus wil leef, sal inderdaad vervolg word" (2 Tim 2:12). Baie tragies is die feit dat Christene mekaar vervolg het, soos byvoorbeeld tydens die Kruistogte tydens die Middeleeue en ook daarna gebeur het. Is daar nog Christenvervolging vandag? Miskien in die Ooste, ja, maar in die Westerse lande weinig. Ons het 'n wet wat godsdiensvryheid waarborg! Westerse Christene lewe maklik en veilig. Maar die vraag kom na elkeen van ons: Is jy bereid om vir die evangelie te sterf?

Toe die sesde seël oopgaan, handel dit oor die laaste oordeel. Dit word in angswekkende terme beskryf. Groot aardbewings vind plaas, die son word swart en die maan rooi soos bloed, die sterre val op die aarde, die hemel verdwyn soos 'n opgevoude boekrol, rykes en armes kruip in grotte weg. Die oordeelsdag van God en die Lam breek aan en die groot vraag is: Wie sal staande bly?

Gelowiges weet: Net hulle wat aan Christus vashou, sal staande bly. Glo u waarlik sodat u staande kan bly?

Sing: Skrifberyming 15-7:4-6

Prof. JH van Wyk (Amie) (emeritus)